LAERSKOOL STEPHANUS ROOS

H/V ANTUNSTRAAT & MIRCALAAN
SINOVILLE
PRETORIA
0182
☎ 012 567-5121
🖷 012 543-0828

13553
SINOVILLE
PRETORIA
0129
NPO 020-352
registrasies@lssroos.co.za
www.stephanusroos.co.za

5 April 2016

KENNISGEWING AAN OUERS

AANLYN REGISTRASIE EN AANSOEKE: GR. 1 EN GR. 8 (2017)

Gauteng Departement van Onderwys het skole ingelig dat alle Gr. 1's en Gr. 8's (2017) aanlyn moet **registreer** en **aansoek** doen. Hulle glo al die groeipyne van verlede jaar is uitgesorteer.

Ons gaan die proses volg soos op hulle bestuursplan en dan as rugsteun, die harde kopie (L/S Stephanus Roos Voorwaardelike Inskrywingsvorm om toelating 2017) met die verpligte dokumente wat van u verwag word, aangeheg. Voor op die aansoekvorm sal daar plek wees om u aanlynverwysingsnommer wat u op u selfoon gekry het, in te vul.

- Op **11 April 2016** moet u asseblief **registreer** op die volgende webtuiste: www.gdeadmissions.gov.za – voltooi asseblief volledig.
- op **19 April 2016** om **08:00** moet u **ASSEBLIEF aanlyn die aansoek** voltooi en dan gaan u 'n verwysingsnommer deur middel van SMS op u selfoon ontvang.
- U is verplig om die stawende dokumente binne twee weke by die skool in te handig. (Ons versoek u om die harde kopie van die skool se Voorwaardelike Inskrywingsvorm om Toelating ook te voltooi en saam te bring). Dui "aanlyn" ook aan indien u alreeds ander ingeskrewe leerders by L/S Stephanus Roos het.
- U moet duidelik u skool van keuse aandui ("school of choice"). Die SMS kan moontlik dui dat u op waglys B is. Na hierdie proses word dit eers intern tussen die hoofde en die Distrik kantoor hanteer.
- Die Staat beplan om 'n groot media veldtog te loods en om mense bewus te maak en ook sentrums op te rig om mense te help met die registrasieproses.

Vriendelike, dog dringende versoek, handig so gou moontlik na registrasie u harde kopie met die stawende dokumente soos versoek in. Onvolledige dokumentasie en e-pos aansoeke sal nie aanvaar word nie. Hierdie is om u kind se plek te verseker.

Die harde kopie van die skool se Voorwaardelike Inskrywingsvorm sal beskikbaar wees by die skoolkantoor asook op die Kommunikeerder onder "Bronne" of u kan 'n e-pos rig aan registrasies@lssroos.co.za.

Mnr. CRO van Niekerk
Hoof

[KANTOORPERSONEEL/CvN/Brief_Aanlyn registrasie en aansoeke/eg]